

Skriflesing: Luk 24:13-35

Die Emmausgangers was deel van die volgelinge van Jesus. Hulle was vir die Paasfees in Jerusalem. By Paasfees is die volk se verlossing uit Egipte gevier. 'n Nuwe verwagting van verlossing uit Romeinse oorheersing het al sterker posgevat by die volk.

Na Jesus se kruisiging is die Emmausgangers op opstandingsondag oppad terug huis toe. Hulle is nie gelukkige, blymoedige volgelinge van Christus nie. Hulle gesigte hang en hul harte is swaar. Hulle is verwar en onseker.

Hulle loop en gesels oor die dinge wat gebeur het. Dan kom loop Jesus saam met hulle, maar hulle het Hom nie herken nie.

Hy vra vir hulle waarom hulle so ernstig loop en gesels. Kleopas kan nie glo dat Jesus nie weet waarom almal praat nie. Hy antwoord Hom met 'n somber gesig in Luk 24 vers 18: "Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem dat u nie weet van die dinge wat in die afgelope dae daar gebeur het nie?"

Dan vertel hulle wat hulle van Jesus weet. In hulle vertel hoor mens dat hulle baie van Jesus weet. Maar dit is kopkennis en nie hartkennis nie. Hulle weet 'n klomp goed, maar hulle glo dit nie. Dit is waarom hulle so sleg lyk.

Hulle vertel dat Hy 'n profeet was. Hy het wonderwerke gedoen en met gesag gepraat. Hulle het so gehoop dat Hy Israel polities en militêr sou verlos van die Romeinse oorheersing.

Dit het nie gebeur nie. Inteendeel: Hy is skuldig bevind en gekruisig. Dit is nou al die derde dag dat Hy dood is. Volgens 'n opvatting van die tyd het die gees van iemand wat sterf nog 3 dae by die liggaam gebly.

Die vroue wat op die leë graf afgekom het, het hulle verder ontstel. Hulle het vertel van engele wat sê dat Jesus uit die dood opgewek is. Ander mense wat ook na die graf gegaan het, het die doeke gekry, maar nie Jesus se liggaam nie.

Hulle het nie geweet wat om van al hierdie dinge te dink nie. Hulle was sonder hoop. In die stofpad stap hulle sleepvoet oppad huis toe.

Daar is baie mense in ons tyd wat ook hierdie ervarings beleef. Hulle het teleurgestelde verwagtings - ook in God. Sekerheid het plek gemaak vir twyfel. Miskien is jy so iemand vir wie alles verlore voel. Jou lewe het in 'n doodloopstraat beland. Dit lyk nie asof daar uitkoms is nie. Jy het geen verwagting meer nie, nie vir jouself nie, nie vir die mense rondom jou nie en ook nie vir die kerk nie. Realiteite lyk sleg. Jy het hoop verloor en daar bly min van jou geloof oor.

Maar skep moed. Dit is juis toe die Emmausgangers so voel, dat Jesus by hulle aansluit. Hy loop met hulle saam, al herken hulle Hom aanvanklik nie. Wat 'n geweldige troos om te weet dat Jesus in ons hooploosheid by ons is.

Al lyk dit asof ons totaal en al verlate is, asof God sy rug op ons gedraai het en asof Jesus klaar is met ons, Hy is met ons oppad. Hy is Immanuel: "God by ons."

En Hy nooi ons uit: Praat met My, vertel My van julle laste en bekommernis.

Jesus berispe die Emmausgangers oor hulle gebrek aan begrip en traagheid van gees, maar Hy verwerp hulle nie. Hy gaan weer terug na die Skrif wat hulle eintlik al moes ken en Hy lê dit vir hulle uit.

Hy verkondig die Woord van God aan die Emmausgangers en dit verander hulle. Later beseft hulle dat sy uitleg van die Woord hulle harte warm laat klop en hulle nuwe insig gegee het.

Jesus onderstreep vir ons die belangrikheid van die Skrif. Die Bybel is God se Woord in mensetaal. God se Woord verdryf vandag steeds onsekerheid en twyfel. Dit laat ons die teenwoordigheid van

die opgestane Here ervaar. Dit verander ons. Dit gee ons hoop om met vertroue verder te gaan en te volhard tot die einde toe.

Toe die Emmausgangers Jesus uitnooi om by hulle oor te bly, gebeur iets merkwaardigs by die maaltyd. Hy neem die brood, Hy vra die seën, Hy breek dit en Hy gee dit vir hulle. Toe gaan hulle oë oop en hulle herken Hom. Hulle besef dat die kruis eers moes gebeur voor Hy kon opstaan as ons Verlosser.

Hulle gemoedstoestand verander. Hulle lewens verander. Swaarmoedigheid maak plek vir nuwe inspirasie. Twyfel maak plek vir sekerheid en wanhoop maak plek vir hoop. Hulle voete sleep nie meer nie. Daar is 'n nuwe huppel in hulle stap. Hulle vat sommer in die donker die pad terug Jerusalem toe en hulle word getuies.

As jy Jesus innooi en 'n ontmoeting met die lewende Here gehad het, word jy 'n getuie. Die Communitas vraelys wys as een van die uitdagings in die gemeente uit dat te veel van ons nog wag vir bediening aan ons terwyl die Here elkeen roep tot bediening deur ons. Ons bid dat die Here ons lei om iets in plek te stel om dié verkeerde verwagtings te help regstel. Maar verandering begin nie by ons planne en kursusse nie. Dit gebeur wanneer jy 'n ontmoeting met die lewende Here gehad het. Dan word jy 'n getuie.

Die Emmausgangers word getuies. Hulle het saam met medegelowiges die hart van die evangelie gaan deel.

Ons lees in 1 Pet 3:15b: "Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."

Dit is juis wat die gelowiges hier in Luk 24:34 doen: "en dié sê: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!"

Ek sluit af.

Dit is die goeie nuus. Die Here is by ons, altyd en oral. Ons moet hom innooi in ons lewens. Ons moet Hom op die troon van ons lewens laat sit. Hy verander ons deur sy Woord, brood en wyn en deur die kragtige werking van sy Heilige Gees.

En hy stuur ons uit na mekaar en na die wêreld met sy boodskap van hoop wat in ons lewe. En dié boodskap van hoop vir almal om te hoor is: Die Here het regtig opgestaan!

Amen

Voorstel vir skakel in kuberamma

Preke

Miskien is jy soos die Emmausganger vir wie alles verlore gevoel het. Jou lewe het in 'n doodloopstraat beland. Dit lyk nie asof daar uitkoms is nie. Jy het geen verwagting meer nie, nie vir jouself nie, nie vir die mense rondom jou nie en ook nie vir die kerk nie. Realiteite lyk sleg. Jy het hoop verloor en daar bly min van jou geloof oor.

Die Communitas vraelys wys as een van die uitdagings in die gemeente uit dat te veel van ons nog wag vir bediening aan ons terwyl die Here elkeen roep tot bediening deur ons. Ons bid dat die Here ons lei om iets in plek te stel om dié verkeerde verwagtings te help regstel. Maar verandering begin nie by ons planne en kursusse nie. Dit gebeur wanneer jy 'n ontmoeting met die lewende Here gehad het. [Van sleepvoet loop na huppel stap.](#)